BRAUNVIEH SA




# Nuusbrief
# NEWSLETTER
**Des 2020 Dec**

# Raad



Links voor: Fanie Els, Sunette Botha du Toit, Sampie Rossouw
Links agter: Ian Botes, Kobus Bezuidenhout



**Sekretaresse:**
Sonja Wasserman
sonja@studbook.co.za
051 410 0955



**Stamboek:**
Michelle Bam
michelle@studbook.co.za
051 410 0923



**Bemarker:**
Liezel Grobler
liezel@studbook.co.za
082 922 4616



**Finansies:**
Eleanor de Jager
Eleanor@studbook.co.za
051 410 0962

van die

# PRESIDENT




Geagte Braunvieh telers, Raad en belangstellendes. Met ongelooflike spoed haas die jaar na ‘n einde en word mens onwillekeurig gedwing om perspektief te neem. Daar is al hoeveel opinies gelug oor al die uitdagings, asook impak wat dit op ons bestaan gehad het dat u moet verskoon, maar ek gaan eerder fokus op die positief van die jaar 2020.

Die Nasionale veiling vir 2020 is een van hierdie positiewe geleenthede. Al was daar sekere aspekte wat aandag verg rondom die veiling en diensverskaffers, was die veiling se gemiddelde pryse die beste in 3 jaar. Die aanbod was deeglik voorberei en die gees wat onder die telers geheers het voorwaar iets om op trots te wees.

Die Covid pandemie het vrees en angstigheid gewek by elke Braunvieh teler en sy/haar gesin. Tog het ons Hemelse Vader sy beskermde Hand oor ons almal gehou. Voorwaar iets om voor baie dankbaar te wees.

Wat boerdery toestande betref lyk die vooruitsig ook aansienlik beter as verlede jaar. Groot dele van die land het reeds mildelik reën ontvang. Nuwe weiding begin oral verskyn en die telers wat met gesaaides boer kon reeds groot dele van hul aanplanting aanpak.

Sekerlik die geseëndste deel van die jaar vir my is dat ons reeds die nuwe aanwas in menigde stoeterye kon sien. Met groot opgewondenheid word dit gedeel en dink ek al die telers kan bevestig met watse uitsonderlike ras daar geboer word in SA - vrugbare, produserende Braunvieh diere wat oor die hele land presteer en aangepas is ongeag die omstandighede.

Volgende jaar DV 29 en 30 April 2021 vind die Nasionale Kampioenskappe plaas te Bloemfontein. Braunvieh SA nooi al sy telers uit om deel te neem of die verrigtinge by te woon.

Ek wil afsluit met die volgende: Al is ons ras se getalle min in vergelyking met ander rasse, verstom die ywer, toewyding en trots waarmee elke telers woeker in hul stoetery my keer op keer - Braunvieh presteer op soveel terreine. Ek as President salueer u en u diere daarvoor.

Ek wens elke teler en sy/haar gesin ‘n ware Christusfees toe in hierdie Kerstyd en ongelooflike seën in 2021.

Braunvieh groete.



## Save the Date

**28 April** Brauvieh inligtingsdag

**29-30 April** Braunvieh National Championships - Group Class Judging -BFN
Braunvieh National Championships - Individual Class Judging -BFN



# 2021 SKOUKLASSE

**GROEPKLASSE:**

**Ouderdomsbepaling: 1 April 2021**

| | |
|---|---|
| BV001 | KOEI MET DIE MOOISTE UIER. |
| BV002 | SUPERKOEI KLAS: ENIGE OUDERDOM WAT HAAR 1STE KALF VOOR 39 MNDE GEHAD HET EN MOES MINSTENS 4 X GEKALF HET. SP/INDEKSE MOET BESIKBAAR WEES VIR MINSTENS 3 VAN DIE KOEI SE KALWERS. DIE GEMIDDELD VAN AL DIE BESIKBARE SP INDEKSE VAN HAAR KALWERS MOET MINSTENS 100 WEES. MOES GEKALF HET GEDURENDE DIE AFGELOPE 9 MAANDE EN DIE GEBOORTE MOET AANGETEKEN WEES DEUR SA STAMBOEK OF DIE KOEI IS AS DRAGTIG GESERTIFISEER VOOR DIE DAG VAN BEOORDELING. BEOORDELING SAL GESKIED OP 30% VISUEEL EN 70% VIR REPRODUKSIE. |
| BV003<br><br>BV003A | VADERNAGESLAGGROEP: GROEP VAN 4 DIERE, BEIDE GESLAGTE, DIE AFSTAMMELINGE VAN EEN VADER. (NAAM EN NOMMER VAN DIE VADER MOET GEMELD WORD.)<br><br>VADERNAGESLAGGROEP: GROEP VAN 2 DIERE, BEIDE GESLAGTE, DIE AFSTAMMELINGE VAN EEN VADER. (NAAM EN NOMMER VAN DIE VADER MOET GEMELD WORD.) |
| BV004 | MOEDERNAGESLAGGROEP: KOEI MET TWEE VAN HAAR KALWERS, ENIGE OUDERDOM EN/OF GESLAG. (NAAM EN NOMMER VAN DIE MOEDER MOET GEMELD WORD) |
| BV005 | GROEP VAN DRIE GENERASIES IN DIREKTE AFSTAMMELING. |
| BV006<br>BV006A | BESTE PAAR ONDER DRIE JAAR, BESTAANDE UIT N BUL EN 'N KOEI OF VERS.<br>BESTE PAAR OOR DRIE JAAR, BESTAANDE UIT ' N BUL EN 'N KOEI |
| BV007<br><br>BV007A | GROEP VAN DRIE VERSE ONDER 3 JAAR.<br><br>GROEP VAN TWEE VERSE ONDER 3 JAAR. |
| BV008<br><br>BV008A | GROEP VAN 3 BULLE ONDER 3 JAAR.<br><br>GROEP VAN 2 BULLE ONDER 3 JAAR. |
| BV009<br><br>BV009A | GROEP VAN 3 KOEIE OOR 3 JAAR.<br><br>GROEP VAN 2 KOEIE OOR 3 JAAR. |
| BV010 | AMPTELIKE PRESTASIE GETOETSTE BULLE FASE C 12 -24 MAANDE |
| BV011 | AMPTELIK PRESTASIEGETOETSTE BULLE FASE C 24 - 36 MAANDE |
| BV012 | AMPTELIK PRESTASIEGETOETSTE BULLE FASE D 12 -24 MAANDE |
| BV013 | AMPTELIK PRESTASIEGETOETSTE BULLE FASE D 24 - 36 MAANDE |
| BV014 | GROEP VAN 5, BESTAANDE UIT 1 BUL EN 4 VROULIKE DIERE -ENIGE OUDERDOM. |

## INDIVIDUELE KLASSE

| | |
|---|---|
| BV015 | KOEI IN MELK 10 JAAR EN OUER (Golden Oldie) |
| BV016 | KOEI DROOG 10 JAAR EN OUER – Golden Oldie |
| BV017 | KOEI IN MELK 6 – 10 JAAR |
| BV018 | KOEI DROOG – 6 – 10 JAAR |
| BV019 | KOEI IN MELK 3 – 6 JAAR (geen verse word in klas toegelaat nie) |
| BV020 | KOEI DROOG 3 – 6 JAAR ( geen verse word in klas toegelaat nie) |
| BV021 | **SENIOR KAMPIOEN KOEI & RESERWE SENIOR KAMPIOEN KOEI (KLASSE 15 TOT 20)** |
| BV022 | VERS 0F KOEI 30 -36 MAANDE (VERS MOET DRAGTIG GESERTIFISEER WEES OF MET KALF) |
| BV023 | VERS OF KOEI 24 -30 MAANDE |
| BV024 | VERS 21 - 24 MAANDE |
| BV025 | VERS 18 - 21 MAANDE |
| BV026 | **JUNIOR KAMPIOEN KOEI OF VERS & RESERWE JUNIOR KAMPIOEN KOEI OF VERS (KLASSE 22 TOT 25)** |
| BV027 | VERS 15 - 18 MAANDE |
| BV028 | VERS 12 -15 MAANDE |
| BV029 | VERS 9 -12 MAANDE |
| BV030 | VERS 6 -9 MAANDE |
| BV031 | TINY TOD KLAS:<br>1 maand – 6 maande |
| BV032 | **KALF KAMPIOEN & RESERWE KALF KAMPIOEN (KLASSE 27 TOT 31)** |
| BV033 | **GROOT KAMPIOEN KOEI & RESERWE GROOT KAMPIOEN KOEI (KLASSE 21, 26, 32)** |
| BV034 | TINY TOD BUL KLAS<br>1 – 6 maande |
| BV035 | BULLE 6 -9 MAANDE |
| BV036 | BULLE 9 -12 MAANDE |
| BV037 | BULLE 12 -15 MAANDE |
| BV038 | BUL 15 - 18 MAANDE |
| BV039 | **KALF KAMPIOEN BUL & RESERWE KALF KAMPIOEN BUL (KLAS 34 – 38)** |
| BV040 | BUL 18 - 21 MAANDE |
| BV041 | BUL 21 - 24 MAANDE |
| BV042 | BUL 24 -30 MAANDE |
| BV043 | BUL 30 -36 MAANDE |
| BV044 | **JUNIOR KAMPIOEN BUL & RESERWE JUNIOR KAMPIOEN BUL (KLASSE 40 – 43)** |
| BV045 | BUL 3 - 6 JAAR |
| BV046 | BUL 6 – 10 JAAR |
| BV047 | BUL 10 JAAR EN OUER |
| BV048 | **SENIOR KAMPIOEN BUL & RESERWE SENIOR KAMPIOEN BUL ( KLAS 45 - 47 )** |
| BV049 | **GROOT KAMPIOEN BUL & RESERWE GROOT KAMPIOEN BUL (KLASSE 39, 44, 48)** |
| BV050 | **OPPERSTE KAMPIOEN BRAUNVIEH (WENNERS KLASSE 33 & 49)** |
| BV051 | TOULEIERSKLAS: BESTE TOULEIER, 3 PLEKKE |

# Voorbereiding van skoudiere

– Hans Bester

Met die oog op die Nasionale Kampioenskappe wat oor 6 maande gaan plaasvind, wil ek graag n paar wenke gee aan nuwe deelnemers.

Om diere haltermak te maak:

Probeer om die diere so jonk as moontlik te begin hanteer.

Maak die dier vas in n stal of aan 'n stewige struktuur, met n sterk halter, wat goed pas.

Dit help om van die skourantsoen te gee, terwyl jy die dier hanteer en borsel en vryf.

Probeer om nie geweld te gebruik nie, want dan het die dier later n vrees vir mense.

Gebruik 'n mak dier om saam met of voor die dier te laat loop, terwyl jy hom lei.

Dit neem omtrent 'n maand voordat die dier mak is.

Om 'n dier in skoukondisie te kry, is nie 'n proses waar die dier vinnig met kragvoer, wat hoofsaaklik uit mielies bestaan, vet gevoer word nie. (Dit is nie slagdiere nie). As daar n suur reuk van mielies in die mis waargeneem word, is daar reeds 'n kans dat daar skade aan die rumen is. (klougroei word daardeur gestimuleer).

Begin drie tot vier maande voor die skou om die diere stadig met n gebalanseerde rantsoen voor te berei.

Daar is sulke skourantsoene in die mark beskikbaar, of jy kan self die kos meng.

Ek was al suksesvol met die volgende mengsel:

| | |
|---|---|
| Mielies | 300kg |
| Beesvet/SB100 | 100kg |
| Molassemeel | 100kg |
| Lusernmeel (grof) | 350kg |
| Procon HPK 36 | 50kg |
| Katoensaad | 50kg (vir n blink haarkleed) |

Indien moontlik, moet die diere bedags vry kan beweeg. Vermy klein, nat kraaltjies. Daar moet aandag gegee word aan die dier se haarkleed. Begin betyds om lang hare uit te kam.

Ek hoop dit help, behalwe die manne in die Kalahari/ beesparadys, wat beeste van die veld af net so kan skou toe bring. Vra maar vir Hampie van Zyl!

## VOLLEDIGE AFRONDINGSDIËTE VIR SKOUE

| MENGINSTRUKSIE | | VOLVOER MENGSEL 1 | VOLVOER MENGSEL 2 |
|---|---|---|---|
| BEESVET 33+ | kg | 160 | 160 |
| MIELIEMEEL / HOMINY CHOP | kg | 650 | 640 |
| MOLATEK BYPASS | kg | 50 | 50 |
| MIELIEKUILVOER | kg | **** | 350 |
| RUVOER | kg | 150 | 75 |
| **TOTAAL** | **kg** | **1010** | **1275** |

Dr Vlok Ferreira
Nasionale Tegniese Bestuurder, MOLATEK, Posbus 47, Malelane 1320

# Intensief – Energie-digte RANTSOENE

- Dr Josef van Wyngaard, Voermol Voere, Wyle Mnr Hendrik van Pletzen

*Die volgende is voorbeelde van mengsels wat oorweeg moet word. My eerste keuse is die volledige dieët.*

| Tipe dieët | Volledige voer | | Konsentraat + Ruvoer | |
|---|---|---|---|---|
| Ouderdom van bul | Jong en groeiend | Volwasse | Jong en groeiend | Volwasse |
| - | Kg | Kg | Kg | Kg |
| Voermol SB 100 | 150 | 150 | 200 | 200 |
| Voermol Procon 33 | 50 | - | 50 | - |
| Mieliemeel | 550 | 600 | 750 | 800 |
| Hooi | 150 | 200 | * | * |
| **Totaal** | **900** | **950** | **1 000** | **1 000** |

***Duimreël: Voorsien hooi apart en ad lib. Voer die kragvoermengsel teen 2% van liggaamsmassa vir jong en groeiende bulle, en teen 1% tot 1.5% van liggaamsmassa vir volwasse bulle. Verminder die hoeveelheid sodra bulle die ideale liggaamskondisie bereik het.***

# Nasionale Veiling uitslae 2018-2020

| | Aangebied | Verkoop | Gemiddeld |
|---|---|---|---|
| **2018** | | | |
| Bulle | 20 | 20 | R44 400 |
| Stoet Verse | 7 | 7 | R11 000 |
| Stoet koei | 3 | 1 | R15 000 |
| Stoet 3 in 1 | 1 | 1 | R32 000 |
| Stoet dragtige verse | 4 | 4 | R15 500 |
| Stoet Dragtige koeie | 4 | 4 | R20 000 |
| Stoet koei en kalf | 3 | 3 | R20 333 |
| Verse | 2 | 2 | R7 500 |
| | | | |
| **2019** | | | |
| Bulle | 20 | 15 | R32 733 |
| Stoet Verse | 3 | 2 | R14 750 |
| Stoet koei | 1 | 0 | 0 |
| Stoet 3 in 1 | 5 | 3 | R18 000 |
| Stoet dragtige verse | 4 | 4 | R13 500 |
| Stoet Dragtige koeie | 1 | 0 | 0 |
| Stoet oop verse | 2 | 1 | R12 500 |
| | | | |
| **2020** | | | |
| Bulle | 12 | 9 | R48 555 |
| Stoet Verse | 7 | 7 | R24 428 |
| Stoet koei | 4 | 4 | R21 250 |
| Stoet 3 in 1 | 4 | 4 | R31 500 |
| Kommersiele dragtige verse | 15 | 11 | R16 000 |
| Kommersiele 3 in 1 | 2 | 0 | 0 |
| Oop verse | 3 | 0 | 0 |

# Toekennings

## ELITE SA STAMBOEK STOETKUDDE: VLEISBEESTE (Vleissentraal)

Toekennings word gemaak aan die verskillende spesies op grond van die objektiewe evaluering van:

- Reproduksie prestasie.
- Produksie prestasie.
- Akkuraatheid van data
- Gereelde deelname in aantekening (registrasie en prestasie).
- Gemiddelde Logix teelwaardes van die diere in die kudde.
- Deelname in telersgenootskap en bedryfsaktiwiteite.

*Baie geluk aan die volgende telers:*

**Silwer:**
Sunette Botha du Toit
Sampie Rossouw

**Brons:**
SP Els Familie Trust
JJ Bester & Dogters
JC Braunvieh – André en Annemarie Reitsma
Eduan Boerdery – Gawie en Willem Naude



## KATAGORIE 1 – 10 Koeie



1ste Mej MSE Bezuidenhout
TKP – 373 dae



2de Lalta Trust
TKP – 396 dae



3de Danru Boerdery
TKP - 410 dae

## KATAGORIE 11 – 30 Koeie



1ste Mnr JH Bezuidenhout
TKP – 393 dae



2de Mnr CP Byleveld
TKP – 404 dae



3de Kristal Braunvieh
TKP – 414 dae

## KATAGORIE 31 – 50 Koeie



1ste JJ Bester en Dogters
TKP – 375 dae



2de Mnr JJH van Zyl
TKP – 376 dae



3de Mnr SW Rossouw
TKP – 439 dae

## KATAGORIE 51 – 100 Koeie



1ste Eduan Boerdery
TKP – 420 dae



2de De Klerk Braunvieh
TKP – 439 dae

## VERBETERDE TKP



Einsiedeln Braunvieh - 25 dae verbeter

## PRESIDENTS TROFEE



Sunette Botha du Toit

## GLASKOP TROFEE



Sunette Botha du Toit

## TKP TROFEE



Marelize Bezuidenhout

## BLYK VAN WAARDERING SERTIFIKATE



Hans Bester – inisiatief vir Sentrale Braunvieh veldbulklub
Andre Reitsma - inisiatief vir Big Six Genetics

# Bulgroeitoetsklas
## by Bloemskou (Vleissentraal)

**NOMINASIES**

1. Die bul moes 'n Plaas- of Sentrale Bulgroeitoets voltooi het in die periode 1 Julie tot 30 Junie die voorafgaande jaar.
2. Om te kwalifiseer moes die bulle die volgende fenotipiese minimum indekse behaal het;
   Speen indeks ≥95
   GDT indeks ≥100
   VOVindeks ≥100 (net vir sentrale groetoetse)
3. Bulle wat in n plaasgroeitoets ge-evalueer is se Beraamde Teelwaarde indekse vir speen en GDT moet ≥95 wees.
4. Bulle met geen GDT of VOV Beraamde teelwaarde indekse nie se fenotipiese indekse sal gebruik word vir hierdie eienskappe.
5. Bulle met Beraamde teelwaarde indekse vir Skrotum omvang <95 word uitgesluit.
6. Die lys van genomineerde bulle word aan die betrokke rasgenootskap voorsien wat hieruit die bul aanwys om die ras te verteenwoordig in die Sentrale Bul groeitoets klas.
7. Aanvanklik word vyf bulle, op grond van voorkoms, deur die interras beoordelaars in die ring aangewys en toekennings gegee as sodanig.
8. Uit die vyf aangewese bulle (op voorkoms) word tussen een en drie bulle deur drie interras beoordelaars op grond van visuele beoordeling in die ring, aangewys wat 'n gelyke kans staan om as wenner aangewys te word. Die algehele wenner word uit hierdie bulle bepaal deur 'n indeks saamgestel op grond van die bulle se produksiemeting en teelwaarde- gegewens.

| TEST | FINISH_DT | ALT_ID | BIRTH_DT | BW | WEAN_IND | TEST_ANI | ADA | ADG | KLBR_RATIO | FCR | SC_ADJ | ADA_IND | ADG_IND | KLBR_IND | WEA_EI | ADG_EI | FCR_EI | KLBR_EI | SCR_EI |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| C22 | 2019/10/23 | BBSMHB 180021 | 2018/10/15 | 42 | 121 | 1 | 1244 | 1834 | 17,27 | 5,28 | 360 | 100 | 100 | 100 | 117 | 106 | 102 | 104 | 105 |
| C32 | 2019/11/18 | BBSMMB 180005 | 2018/11/13 | 38 | 103 | 4 | 1085 | 1771 | 18,98 | 5,37 | 332 | 96 | 113 | 116,8 | 97 | 102 | 102 | 106 | 95 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 190017 | 2019/03/23 | 38 | 102 | 11 | 732 | 856 | 10,48 | | 352 | 105 | 105 | 102,04 | 122 | 117 | 118 | 112 | 101 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 190013 | 2019/03/19 | 40 | 101 | 11 | 729 | 813 | 9,98 | | 382 | 104 | 100 | 97,18 | 121 | 110 | 115 | 104 | 110 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 190021 | 2019/03/30 | 42 | 110 | 11 | 786 | 914 | 10,67 | | 379 | 112 | 112 | 103,89 | 115 | 110 | 108 | 105 | 112 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 180083 | 2018/12/30 | 44 | 127 | 11 | 764 | 1129 | 13,43 | | 388 | 109 | 139 | 130,77 | 123 | 116 | 107 | 111 | 124 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 180077 | 2018/12/20 | 41 | 101 | 11 | 633 | 1022 | 13,77 | | 409 | 90 | 126 | 134,08 | 102 | 101 | 94 | 104 | 131 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 180037 | 2018/11/01 | 42 | 114 | 15 | 784 | 1137 | 11,49 | | 357 | 109 | 102 | 96,31 | 125 | 113 | 114 | 107 | 102 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 180056 | 2018/11/28 | 44 | 97 | 15 | 712 | 1151 | 12,42 | | 378 | 99 | 103 | 104,11 | 95 | 112 | 111 | 116 | 113 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 180035 | 2018/10/29 | 42 | 95 | 15 | 756 | 1144 | 11,85 | | 370 | 105 | 103 | 99,33 | 119 | 125 | 121 | 122 | 114 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 180053 | 2018/11/25 | 43 | 105 | 15 | 732 | 1165 | 12,34 | | 366 | 102 | 105 | 103,44 | 115 | 122 | 119 | 121 | 127 |
| D11 | 2020/04/28 | BBSMN 180026 | 2018/10/01 | 49 | 124 | 15 | 814 | 1151 | 11,34 | | 409 | 113 | 103 | 95,05 | 140 | 130 | 123 | 122 | 141 |



Geseënde Kersfees
en Voorspoedige 2021!

- Fanie Els






Mag u ware Christusfees
ervaar en voorspoedige 2021.

- Sampie Rossouw



Mag hierdie Christusfees saam met familie en hartsmense gevul wees met oneindige liefde en seën!
Geseënde Kersfees!

*- Big 6 Genetics*